# Hoofstuk 5: Werkwoorde (*verbs*) en bywoorde (*adverbs*)

## 'n Sirkus en 'n hartedief

| In this chapter we will attend to |
|---|
| ○ verbs and adverbs (*werkwoorde en bywoorde*).<br>○ auxiliary verbs (*hulpwerkwoorde*).<br>○ present, past and future tense (*teenwoordige tyd, verlede tyd en toekomstige tyd*).<br>○ spelling of words with beginning letters **v**, **f** and **w** (*spelling*).<br>○ reading, understanding and answering questions from a cartoon strip (*strokiesprent*), a poem and a story. |

**Lees die onderstaande strokie en beantwoord die vrae.**



My gesin is anders as ander gesinne. Ons werk en woon in die sirkus.



Pa is die sirkusbaas. Hy bestuur die besigheid en gee opdragte aan die werkers.



Hy dra 'n swart hoed. Almal luister vir hom.



Ma swaai deur die lug. Sy trek mooi aan.



Sy loop ook op 'n tou. Almal bewonder haar.





Gr 5 Nuwe Alles-In-Een Taal- en leesoefenboek.indb 55 2019/11/04 3:52 PM




Boet is die nar. Hy is snaaks.



Hy het 'n rooi neus. Almal lag vir hom.



Ek sorg vir die diere.



Apies eet piesangs.



Leeus eet vleis.



Perde eet gras.



Ons lag baie. Ons hou van mekaar.



Elke familie mag anders wees.

**Vrae:**

1. Is die persoon wat die storie vertel 'n seun of 'n meisie?

___

2. Hoekom het hierdie verteller (*narrator*) 'n oorpak (*overall*) aan?

___

3. Watter gesinslede (*family members*) doen wat in die sirkus? Verbind die antwoorde in kolom B met kolom A.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| Versorg die diere. | Ma |
| Hanswors (*clown*) | Pa |
| Sweefstokgimnas (*acrobat*) | Boet |
| Sirkusbaas (*ringmaster*) | Sus |

4. Watter diere eet watter kossoort? Kleur die regte pare diere en kossoorte dieselfde kleure in.

| | |
|---|---|
| apies | vleis |
| perde | piesangs |
| leeus | gras |

5. Daar is baie verskillende soorte gesinne (*families*). Kyk na die volgende tabel en merk met 'n ✓ in die oop kolom watter gesin soos joune is.

| | |
|---|---|
| Ma met kinders | |
| Ouma met kinders | |
| Pa met kinders | |
| Ma met stiefpa en kinders | |
| Ma, Pa en kinders | |
| Ouma en Oupa en kinders | |
| Ma, Pa, Ouma en Oupa en kinders | |
| Twee ma's met kinders | |
| Pa met stiefpa en kinders | |
| Twee pa's met kinders | |

6. Hoekom is hierdie gesin anders as ander gesinne? Verwys na die eerste raampie van die strokie.

___

7. Skryf EEN sin uit die strokie neer wat wys dat hierdie 'n gelukkige gesin is.

___





Gr 5 Nuwe Alles-In-Een Taal- en leesoefenboek.indb 57 2019/11/04 3:52 PM

8. Watter sinne het net EEN werkwoord? Onderstreep daardie sinne.

a) Ek sorg vir die diere.

b) Leeus eet vleis.

c) Perde eet gras.

d) Hy bestuur die besigheid en gee opdragte aan die werkers.

e) Ons werk en woon in die sirkus.

Hulpwerkwoorde (*auxiliary verbs*) help die hoofwerkwoord (*main verb*), byvoorbeeld: Ek **gaan** werk.
Onthou, hulpwerkwoorde kan nie alleen in 'n sin optree nie. Dit word altyd saam met die hoofwerkwoord gebruik om te wys of die sin verlede tyd (*past tense*) of toekomende tyd (*future tense*) is.

9. Onderstreep nou die hoof- en die hulpwerkwoorde in die volgende sinne met verskillende kleure inkleurpotlode.

a) Ek wil nou televisie kyk.

b) Ons moet leer vir ons toets.

c) My sus kan mooi sing.

d) Ons sal vroeg gaan slaap.

10. Watter werkwoord pas in die volgende sinne? Kies 'n werkwoord uit die blokkie en vul die regte antwoorde in.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| proe | drink | loop | kou | lek |

a) Die perde moet baie water ________.

b) Wil jy _________ hoe wildsvleis smaak?

c) Die hond ________ sy bak skoon.

d) Jy moet jou kos fyn _________.

e) Die sirkustier _____________ op die tou.

11. Gebruik die woorde tussen hakies om die sinne in die teenwoordige tyd (*present tense*) te voltooi.

**Voorbeeld:** Ek **sluit** die deur **oop**. (oopsluit)

a) Zandile ______________ die deur ______________. (toemaak)

b) Rolene ______________ die lig ______________. (aanskakel)

c) Tobeka ______________ die venster ______________. (oopmaak)

d) Die sirkusleier ______________ die aap ______________. (oplei)

12. Gebruik die woorde tussen hakies om die sinne in die verlede tyd (*past tense*) te voltooi.

**Voorbeeld:** Ek **het** die deur **oopgesluit**. (oopsluit)

a) Ons ______________ ons tasse ______________. (inpak)

b) Faith ______________ die lig ______________. (afskakel)

c) Die kinders ______________ die klaskamer ______________. (skoonmaak)



Gr 5 Nuwe Alles-In-Een Taal- en leesoefenboek.indb 58 2019/11/04 3:52 PM